

# KONINKRYK. SUPPLEMENT 15

## [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE GOUE MUNTSTUKKE

“Die gelykenis van die goue muntstukke” in Lukas 19:11-27 is ’n gelykenis oor  
**BELONINGS IN GOD SE KONINKRYK.**

### A. DIE GOUE MUNTSTUKKE

Lees Lukas 19:11-27.

#### 1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

**Inleiding.** Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

**Bespreek.** Wat is die lewensegte elemente van die verhaal?

**Aantekeninge.**

**’n Man van adellike afkoms het na ’n ver land toe op reis gegaan om as koning aangestel te word en dan terug te kom.** In die dae van Jesus was dit nie vreemd dat iemand na Rome gereis het om as koning aangestel te word nie. In hierdie verhaal het die man van adellike afkoms alreeds ’n aansienlike posisie, gehad, want hy het onderdane en slawe gehad.

**Hy het één goue muntstuk aan elk van sy tien slawe gegee.** Hy wou dat sy slawe daarmee handel dryf totdat hy terugkom. Een muntstuk (Grieks: mina) was 100 dragme en een dragme was gelyk aan ’n dagloon. In teenstelling met die gelykenis van die talente, het hy aan elk van sy slawe dieselfde som geld toevertrou.

**Die opdrag (taak).** Die man van adellike afkoms het sy slawe beveel, “Dryf handel daarmee totdat ek terugkom.” Alhoewel één muntstuk baie minder werd was as één talent, lê die nadruk nie op die grootte van die som geld nie, maar eerder op wat die slawe met die muntstuk wat aan hulle toevertrou was, gedoen het. Hulle moes handeldryf totdat hul meester as koning terugkeer!

**Sommige landgenote het hom egter gehaat en wou hom nie as koning hê nie.** Ook dit was in die tyd van Jesus nie vreemd nie. Sommige mense het mag begeer en na die keiser in Rome gereis om te probeer om ’n posisie van invloed te kry. Maar andere landgenote was bang dat hierdie man as koning oor hulle ’n tiran sou wees. Daarom het hulle ’n afvaardiging agterna gestuur om te sê: “Ons wil nie hierdie man as koning hê nie.” Maar hulle kon die ambisies van hierdie man nie keer nie. Dit het gebeur met Hyrcanus II, Aristobulus en Archelaus in die geskiedenis kort voor die eerste koms van Christus.

**Nadat hy teruggekom het, het die nuwe koning sy troue slawe beloon.** Hy het hulle beveel om rekenskap te gee van wat hulle met die muntstuk, wat aan hulle toevertrou was, gedoen het. Die eerste slaaf sê toe dat die muntstuk van die koning tien muntstukke opgelewer het! Ook die tweede slaaf het gerapporteer dat sy muntstuk vyf muntstukke opgelewer het. Die koning het met lof oor hulle ywer en prestasie gespreek en hulle aangestel oor die bestuur van tien en vyf stede respektiewelik.

**Maar nadat hy teruggekeer het, het die nuwe koning sy ontroue slaaf gestraf.** Net soos die derde slaaf in die gelykenis van die talente, het hierdie slaaf onreg gepleeg. Hy het geen verantwoordelikheid geneem vir die muntstuk wat aan hom toevertrou was nie. Hy het geen handel gedryf nie. Hy was selfs arrogant en het die koning beskuldig dat hy ’n harde en oneerlike man was. Ook hierdie slag het die koning sy argument ter verdediging teen hom gebruik om hom te veroordeel. As hierdie slaaf regtig geglo het dat die koning ’n harde man was wat resultate verwag, dan sou hy sy muntstuk in ’n bank gesit het sodat dit rente kon verdien. As hy regtig bang vir die koning was, sou hy juis baie hard gewerk het om straf te ontloop. Maar hierdie slaaf het nie eers in sy eie woorde geglo nie. Hy het gelieg en die blaam vir sy luiheid en versuim op sy baas afgeskuiwe!

#### 2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

**Inleiding.** Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na die *aanleiding* om die verhaal te vertel, of beskryf die *omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

### **(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus 24:1-31.**

Jesus het hierdie verhaal van die gelykenis van die tien muntstukke vertel in die omgewing van die huis van Saggeus (Lukas 19:2). Party mense het Jesus gekritiseer dat Hy by slegte mense op besoek gegaan het, mense wat korrupte tollenaars was (Lukas 19:7). Maar ander mense was bly dat Jesus gekom het om verlore mense te soek en te red (Lukas 19:10). Jesus het die gelykenis vertel aan mense wat gedink het dat die koninkryk van God nou enige oomblik sou kom (Lukas 19:11). Die Jode in die tyd van Jesus het verwag dat die koninkryk van God enige oomblik sou aanbreek (Johannes 6:15). Maar hulle het gedink aan 'n politieke koninkryk waarin die Jode en Jerusalem die middelpunt sou wees! Hulle het verwag dat hierdie koninkryk enige oomblik sou kom. Selfs die dissipels van Jesus het dergelyke verwagtinge gehad (Markus 10:35-45; Handeling 1:6).

### **(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 24:32.**

### **(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis word in die verhaal gegee.**

Hierdie gelykenis gaan oor wat sal gebeur by die wederkoms van Jesus Christus. Lukas sê dat Jesus hierdie gelykenis vertel het omdat die Jode verwag het dat die koninkryk van God op hande was (Lukas 19:11).

Jesus wou egter 'n paar gevaarlike verwagtinge oor die koninkryk van God uit die weg ruim:

Volgens Matteus 8:11-12 en Matteus 21:42-44 was die koninkryk van God wat Jesus verkondig het nie beperk tot die volk van Israel nie, maar het dit alle volke in die wêreld omvat. Nêrens is daar enige sinspeling dat die Jode van die Romeinse juk bevry sou word nie!

Volgens Lukas 19 is die koninkryk van God in sy definitiewe (finale) fase nie 'n saak wat ophande was nie. Dié fase staan nog nie voor die deur nie. 'n Behoorlike lang periode sou verbygaan vóór die heerlike terugkeer van die Koning (d.w.s., die Here Jesus Christus)! Gedurende hierdie lang periode moes die slawe van die koning handel dryf met die muntstuk wat aan hulle toevertrou is.

Volgens Matteus 25 en Lukas 19 moet elke slaaf trou en ywerig wees in die uitvoering van die verantwoordelikhede (verpligtige) wat aan hom toevertrou is. In die vestiging van die definitiewe fase van die koninkryk van God in die nuwe hemel en die nuwe aarde sal trou en ywer beloon word, maar ontrou en luiheid sou gestraf word! Die Koninkryk van God is nou al 'n werklikheid (Matteus 12:28) en daar moet nou al handel gedryf word met die verantwoordelikhede wat aan ons toevertrou is.

Die primêre uitleg en toepassing van die gelykenis staan in Lukas 19:26, "Ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggeneem word." Die wederkoms van Jesus is 'n dag van afrekening! Die leidende beginsel in die eindoordeel sal die volgende wees: Wie handel gedryf het met die verantwoordelikhede wat aan hom toevertrou is, sal beloon word. Maar wie sy verpligtinge versuim het en geen wins gemaak het nie, sal gestraf word. Deur te versuim om te woeker met dit wat God aan hom toevertrou het, sal 'n mens alles verloor wat God aanvanklik aan hom gegee het. Alleen deur te woeker met die talente en vermoëns wat aan ons toevertrou is, kan ons groei tot geestelike rykdom!<sup>1</sup>

Die verdere uitleg en toepassing van hierdie gelykenis staan in Lukas 19:27. By sy wederkoms sal Jesus Christus al sy onderdane (alle mense op die aarde) oordeel. Wie Hom en sy koningskap (oor hom) verwerp, sal hard gestraf word. Volgens Johannes 3:18,36 en 2 Tessalonisense 1:7-10 sal veral die verwerping van die evangelie (die goeie nuus aangaande Jesus Christus) hard gestraf word. Vyande wat nie wou dat Jesus Christus hul Koning sou wees nie, verdien vergelding (sy toorn, afwysing en straf in die verderf). Volgens Matteus 13:40-42 sal elke mens wat onreg doen of kwaad uitdink en doen<sup>2</sup>, uit die koninkryk van Jesus Christus as onkruid uitgepluk word en in die brandende oond (die hel) gegooi word!

### **3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.**

**Inleiding.** Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale punt, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

**Ontdek en bespreek.** Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

**Aantekeninge.**

**'n Man van adellike afkoms wat koning sou word.** Dit is 'n relevante detail, omdat dit op Jesus Christus slaan. Jesus het 'n gelykenis gebruik om te openbaar dat Hy na sy dood en opstanding na die hemel sou opvaar, waar Hy die koningskap oor die heelal van God sou ontvang. Hy sou die koningskap ontvang as 'n beloning vir sy volbragte verlossingswerk op die aarde (Matteus 28:18; Filippense 2:5-11; Openbaring 5:1-14). As "die Koning van die konings" (Openbaring 19:16) sal Jesus Christus aan God se regterhand op sy troon sit en oor die heelal heers in die belang van sy Gemeente (Kerk) (Efesiërs 1:20-23).

<sup>1</sup> Wie die kanse (geleenthede) om by 'n dissipelskap groep, Bybelstudiegroep of gemeente aan te sluit onbenut laat lê, gaan alles wat hy nog besit uiteindelik verloor!

<sup>2</sup> Dink aan loterye, dobbel, korrupsie (bedrog en swendel), casino's, produsente en verspreiders van dwelmmiddels en pornografie, mensehandel, rokjagters (wolwe), kinderslawerny en kindsoldate, ens. ens.

**Hy het 'n muntstuk aan elk van sy tien slawe gegee.** Wat belangrik is, is nie hoeveel geld elk van die slawe ontvang het nie, maar dat hulle almal presies dieselfde som geld ontvang het, naamlik één muntstuk! Jesus gee geen uitleg oor wat Hy met “die muntstuk” (Grieks: mina) bedoel nie, maar dit is duidelik dat Hy verwys na alles wat Hy tussen sy eerste koms en sy wederkoms aan mense toevertrou het. In teenstelling tot die gelykenis van die talente, het die koning aan elk van sy slawe presies dieselfde hoeveelheid geld (naamlik: één muntstuk) toevertrou. Dit gee die indruk dat alle slawe dieselfde taak gekry het. Dit simboliseer iets wat Jesus Christus aan elkeen van sy dienare in die wêreld toevertrou het. In die lig van die verband sê Jesus, “Die Seun van die Mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is” (Lukas 19:10). “Die muntstuk” sou dan 'n verwysing wees na die opdrag en taak om die evangelie aan verlore mense te verkondig en hulle tot dissipels van Jesus Christus te maak. Nietemin, omdat Jesus Christus die betekenis van “die muntstuk” nie uitlê nie, is dit verkeerd om alleen maar één besondere betekenis daaraan te gee. Die nadruk lê dus nie op wat hy aan die mense toevertrou het nie, maar op hoe hulle gewoener het met wat aan hulle toevertrou was.

**Die opdrag (taak).** Dit is 'n relevante detail, omdat dit verwys na die sentrale boodskap van die gelykenis. Die koning beveel sy slawe: “Dryf handel daarmee totdat ek terugkom.” Alhoewel één muntstuk baie minder werd is as een talent, lê die nadruk nie op die hoeveelheid geld nie, maar op wat met die geld gedoen word. Die geld moet gebruik word om meer geld of wins te maak! Dit moet gebeur voordat die man met adellike afkoms as koning terugkeer! Die burgers van God se Koninkryk moet al hul kragte inspan om wins te maak met wat aan hulle toevertrou is. Hulle mag wat aan hulle toevertrou is, nie ongebruik laat staan nie! Hulle moet met trou en ywer hulle opdragte (take) uitvoer. As “die muntstuk” die verkondiging van die evangelie beteken, dan moet 'n mens nie alleen die evangelie self aanneem nie, maar ook aan ander verlore mense in die wêreld aangee. En as “die muntstuk” verwys na 'n spesifieke funksie of taak in die maatskappy (bv. 'n winkelier of dokter), dan moet hierdie taak met trou en ywer uitgevoer word.

**Sommige landgenote het hierdie man gehaat, maar tog het hy die koning geword!** In die gelykenis van die talente spreek Jesus alleen oor die dienare, maar in die gelykenis van die muntstukke spreek Hy ook oor die onderdane (burgers)(Lukas 19:14). Dit is 'n relevante detail, omdat Jesus Christus uiteindelik verwys na die pogings van die leiers onder die Jode en die heidene om te voorkom dat Jesus Christus die Koning sou word!<sup>3</sup> Die Jode het 'n komplot beraam om Jesus dood te maak en die Romeine het Hom daadwerklik gekruisig (Handelinge 2:23). Maar hul pogings om te verhinder dat Jesus Christus “die Koning van die konings” word, het misluk (Openbaring 1:5; 19:16)! Jesus Christus het die koningskap oor die heelal ontvang (Handelinge 2:24). Jesus Christus self is “die klip wat die bouers afgekeur het, maar wat juis die belangrikste klip in die hele gebou (letterlik: die hoeksteen) geword het” (Psalm 118:22-23; Matteus 21:42).

**By die terugkeer van hierdie koning, het die koning sy slawe beloon of gestraf.** Die terugkeer van die man van adellike afkoms simboliseer Jesus Christus by sy heerlike en triomfantelike wederkoms! By die laaste oordeel sal Hy sy dienare beloon in verhouding tot hul trou en ywer (1 Korintiërs 3:11-15). Hulle kry nog groter verantwoordelikhede in die Koninkryk van God in sy definitiewe fase in die nuwe hemel en op die nuwe aarde.

In die laaste oordeel sal alle mense geoordeel word in ooreenstemming met hul geloof in Jesus Christus of hul ongeloof (of valse geloof in ander gode en godsdienste). En hulle sal geoordeel word in ooreenstemming met hul werke: wat hulle gedoen het met wat Jesus Christus aan hulle toevertrou het (Romeine 2:6). Die werklike betekenis van hierdie gelykenis is dat elke mens in die wêreld die allerbeste gebruik moet maak van dit wat Jesus Christus aan hom toevertrou het, ongeag of hy Jesus Christus erken of nie. Ook in die lig van die verband, behoort mense met ywer gebruik te maak van die evangelie van verlossing wat aan hulle verkondig is.

**Die mense wat by die koning gestaan het (vers 24).** Hulle is nie mense wat na die verhaal van die gelykenis van Jesus geluister het nie, maar mense wat 'n deel was van die verhaal. Ook die persoon wat in vers 26-27 spreek, is die koning in die verhaal en nie Jesus Christus wat die verhaal vertel nie. Nietemin openbaar dit die gedagtegang van Jesus Christus. In Matteus 13:41 is hulle engele wat die oordeel van Jesus Christus uitvoer.

---

#### **4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.**

**Inleiding.** Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

**Bespreek.** Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

**Aantekeninge.**

**Die gelykenis van die (goue) muntstukke in Lukas 19:11-27 is 'n gelykenis oor “belonings in die koninkryk van God”.**

---

<sup>3</sup> Dink aan die leiers in lande vandag wat maatreëls neem om die verspreiding van die evangelie te verhinder en Christene uit hul land te weer. Hul haat vir Jesus Christus en Christene slaan dikwels oor op vervolging en moord.

**Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “Mense moet hul inspan om die beste gebruik te maak van alles wat Jesus Christus aan hul toevertrou het. God sal trou en ywer beloon, maar ontrou en verwaarlosing straf!”**

**In die lig van die verband word die verkondiging van die evangelie aan verlore mense hierby ingesluit. Hoe mense reageer op Jesus Christus en sy boodskap is bepalend in die eindoordeel. In plaas van kritiek te spui op Jesus Christus wat ’n voorheen korrumpente tollenaar gered het, sou elke mens moet reageer op Jesus Christus wat gekom het te soek en te red wat verlore is.**

Dienslewering sonder selfsug is ’n fundamenteel kenmerk in die koninkryk van God. Die ware burgers van God se koninkryk dien deur wat aan hom toevertrou is nie vir homself te hou nie. Hulle dryf handel daarmee en stel alles in die werk om wins te maak. As byvoorbeeld die evangelie aan iemand toevertrou is, dan volg hy in die voetstaptes van Jesus en gaan ook op soek na verlore mense ten einde hulle te red. En as ’n ander taak aan hom toevertrou is, dan woeker hy daarmee ten einde hul invloed op die gemeenskap te vergroot en die vrugte van hulle bediening te vermenigvuldig.

Jesus Christus belowe dat mense wat Hom en sy boodskap (die Bybel) ontvang, geestelik steeds ryker sal word! Maar Hy waarsku ook dat mense wat Hom en sy boodskap verwerp, geestelik steeds armer sal word. Deur hul verantwoordelikheid te verwaarloos sal hulle uiteindelik alles verloor!

Waaksaamheid is één van die fundamentele kenmerke van die koninkryk van God.

---

## **5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.**

**Inleiding.** Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van ’n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

**Ontdek en bespreek.** Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

**Aantekeninge.**

Die belangrikste lesse van die gelykenis van die arbeiders in die wingerd, die gelykenis van die talente en die gelykenis van die tien goue muntstukke het al drie te make met die wederkoms van Jesus Christus. Alle mense (en seker ook Christene) behoort gereed te wees vir die wederkoms van Christus, want hulle sal almal rekenskap moet aflê oor wat hulle gedoen het met wat aan hulle toevertrou is.

Tog leer elkeen van hierdie gelykenisse ook ’n ander, maar belangrike les:

### **(1) Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd.**

**Lees** Matteus 20:1-16. In hierdie gelykenis het ’n landeienaar arbeiders gehuur op verskillende tye van die dag, maar aan die einde van die dag het hy almal presies dieselfde loon gegee! Alhoewel die arbeiders verskillende hoeveelhede werk verrig het, het hulle almal dieselfde loon ontvang – ’n dagloon (Grieks: dénarion)!

Hierdie gelykenis leer dat God se beloning niet berus op wanneer God ’n mens roep of op hoe lank hy al ’n Christen is nie, maar alleen op die genade van God. God gee uit puur genade dieselfde beloning, naamlik, die ewige lewe, aan mense, ongeag of hulle al lank Christene is of eers onlangs Christen geword het. Hy gee dieselfde verlossing aan elke mens wat in Jesus Christus glo, ongeag wanneer hy hom bekeer het en tot geloof gekom het (Lukas 23:40-43)! Die arbeiders wat aan die einde van die dag gehuur is, het presies dieselfde loon gekry as die arbeiders wat die hele dag in die brandende son gewerk het. Nadat hulle gehuur is, het hulle almal met trou en ywer gewerk.

### **(2) Die gelykenis van die muntstukke (Grieks: talanta).**

**Lees** Matteus 25:14-30. In hierdie gelykenis gee die eienaar verskillende hoeveelhede geld aan drie van sy slawe, maar by sy terugkoms gee aan twee van hulle presies dieselfde beloning toe hy ontdek dat albei hulle geld verdubbel het.

Hierdie gelykenis leer dat God se beloning nie berus op die verskillende hoeveelhede van sukses of resultate op grond van verskillende vermoëns en verskillende geleenthede in die lewe nie, maar op die trou en ywer van die slawe met betrekking tot wat aan elkeen van hulle toevertrou was! God beloon uit puur genade trou en ywer, sonder na die hoeveelheid van resultate te kyk. Die slaaf met meer talente (Grieks: talanton) wat ’n groter resultaat behaal het, het nie ’n groter beloning gekry as die slaaf met minder talente wat ’n kleiner resultaat behaal het nie. Hulle al twee was trou en ywerig!

### **(3) Die gelykenis van die goue muntstukke (Grieks: mnas).**

**Lees** Lukas 19:11-27. In hierdie gelykenis gee die eienaar dieselfde hoeveelheid geld aan elk van sy tien slawe, maar by sy terugkoms gee hy aan hulle verskillende belonings, omdat hy ontdek het dat hulle met verskillende hoeveelhede van trou en ywer verskillende resultate behaal het.

Hierdie gelykenis leer dat God se beloning wel berus op die verskillende hoeveelhede van trou en ywer van sy slawe. Die gelykenis leer dat God se beloning gebaseer is op die hoeveelheid van trou en ywer van sy slawe selfs wanneer hulle dieselfde vermoëns en geleenthede (kanse) gehad het. Daar is verskillende grade van belonings vir verskillende grade van trou en ywer! Die slaaf wat meer trou en ywer aan die dag gelê het, sal ook ’n groter beloning (verantwoordelikheid op die nuwe aarde) kry (sien 1 Korintiërs 3:12-15).

---

## **6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.**

*Bespreek.* Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

*Aantekeninge.*

### **(1) Alle mense moet weet hoe God is.**

God sal uit genade elke Christen by die laaste oordeel beloon. Maar hierdie beloning (met name: die ewige lewe) word nie gegee omdat de die Christene dit verdien nie of daarvoor gewerk het nie, maar omdat God hulle liefhet en barmhartig teenoor hulle is. Volgens Efesiërs 2:10 is selfs die “werke” wat Christene doen 'n deel van God se genade!

### **(2) Christene moet weet hoe hulle behoort te wees.**

Wat belangrik is, is dat Christene God dien met die juiste houding en met trou en ywer.

Die ware burgers van God se Koninkryk vermy ten prooi te val van 'n gees van werk vir 'n beloning met betrekking tot geestelike sake<sup>4</sup>. Intendeel erken Christene God se soewereine reg om mense te beloon met 'n beloning wat Hy alleen geskik vind.

Die ware burgers van God se Koninkryk is trou en ywerig met betrekking tot die vermoëns en geleenthede (kanse) wat God aan hulle toevertrou het. God beloon nie sukses of resultate as sodanig nie, maar wel trou en ywer. Die ware burgers van God se Koninkryk probeer steeds die meeste te maak van alles wat aan hulle toevertrou is. Hulle is so trou en ywerig as moontlik! God gee wel verskillende belonings aan verskillende grade van trou en ywer.

### **(3) 'n Belangrike beginsel in die Koninkryk van God.**

“Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het weggevat word” (Matteus 25:29). Deur wat God aan ons toevertrou het te verwaarloos sal ons uiteindelik alles wat ons nog besit verloor! Maar deur trou en ywerig te woeker met wat God aan ons toevertrou het, sal ons alleen maar geestelik bly groei en ryker word!

---

<sup>4</sup> Dit is wel wat ander godsdienste leer: om Nirvana te bereik in Boeddhisme, om moksha te bereik in Hindoeïsme, om beloon te word met die Paradys in Islam, ens.